

NETWERK24
www.netwerk24.com

DIE BURGER



Kilian bepleit onskuld op hemp bl. 6



Sterreprag: Ben von Jagow het die Melkweg-skouspel in Sutherland afgeneem.



Vrydag
5 Maart 2021
R12,00 (BTW ingesluit)



Kapteins Bavuma en Elgar sê oor Proteas-eer bl. 20

FLUITJIEBLASER VOOR ZONDO:

Gupta-meeloper ‘wil R5 miljard hê’

Marelize Barnard

“Ek soek steeds my R5 miljard.” Dit was glo die woorde van Salim Essa, meeloper van die Gupta's, oor hoeveel geld hy oor 'n tydperk van drie jaar as 'n sogenaamde swart ekonomiese bemagtigingsvennoot wou maak om “konsultasiewerk” vir Eskom te doen.

Bianca Goodson, wat net meer as twee maande aan die begin van 2016 die uitvoerende hoof van die Trillian Management Company was, het gister voor die Zondo-kommissie van ondersoek na staatskaping getuig oor Trillian, waarvan Essa die meerderheidsaandeelhouer was, en die kontrakte wat met Eskom aangegaan is.

Goodson is 'n fluitjieblaser



Bianca Goodson

wat voorheen in 'n geskrewe verklaring en ook in getuienis voor die parlement inligting oor Trillian en Eskom verskaf het.

Goodson het getuig voor sy besluit het om by Trillian te gaan werk, het sy Clive Angel, die destydse hoof van Trillian Capi-

tal, gevra hoe hierdie nuwe maatskappy 'n inkomste sou kon verseker.

Angel het geantwoord dat “mense met bande benodig word” en die hoofaandeelhouer (Essa) is daardie persoon.

“Jy het mense nodig om krane oop te draai. Ons aandeelhouer kan krane oopdraai,” het Angel glo oor Essa gesê.

Op die vraag wat die langtermyn-plan vir Trillian is, het Angel glo geantwoord hy is nie seker nie, maar dit is vir die duur van die huidige bedeling.

Soos Goodson dit verstaan het, was dit vir die res van die drie jaar waarin die ANC die regerende party en Jacob Zuma president was.

Goodson het getuig die dag nadat sy ingestem het om vir Tril-

lian te werk, het Angel e-pos aan haar gestuur oor wat die konsultasie-agentskap McKinsey gehoop het om in die drie jaar vanaf Januarie 2016 uit konsultasiegeld te verdien. Die bedrag was R10 miljard.

Volgens vorige getuienis voor die kommissie het Eskom Trillian aangestel as McKinsey se vennoot, hoewel McKinsey ernstige vrae hieroor gehad het en nie die vennootskap wou aanvaar nie.

Volgens Goodson het sy probeer om met McKinsey saam te werk, maar die maatskappy het al haar voorstelle geïgnoreer.

Sy het hieroor by Essa gekla en ook genoem dat sy die somme gemaak het van die beoogde werk wat McKinsey vir Eskom wil doen, op grond van die e-pos

wat voorheen aan haar gestuur is, en dat die maatskappy 'n inkomste van R10 miljard uit Eskom voorsien.

Hierop het Essa glo geantwoord: “Wie dink hierdie mense is hulle? Ek eis my R5 miljard. Indien McKinsey nie saamspeel nie, sal ek hulle vervang. Ek soek steeds my R5 miljard.”

Goodson het getuig sy het die e-posse oor McKinsey se planne op 18 November 2015 en 17 Desember 2015 (voordat sy by Trillian begin werk het) ontvang. Sy het gedink dit is baie ambisieus – “dit is soveel as die inkomste van 'n klein land, en dit vir konsultasiewerk”.

Volgens Goodson was die beoogde inkomste 'n skokkende bedrag en sy het gedink dit is belaglik.

Oudtshoorn verloor sowat R4,8 m. by grotte

Die stroom besoekers na die wêreldbekende Kango-grotte het weens die Covid-19-pandemie opgedroog en daarmee saam miljoene rande se inkomste vir die Oudtshoorn-munisipaliteit. Verkeersoordtrekders glimlag egter breed.

'n Hersiening van die munisipaliteit se begroting wys die munisipale inkomste het met R28,7 miljoen afgeneem. Nagenoeg R4,8 miljoen hiervan word toegeskryf aan 'n afname in die

toegangsgeld wat by die grotte ingevorder is.

Die munisipaliteit het ook 'n inkomste van R4,2 miljoen uit verkeersboetes verbeur omdat daar geen diensverskaffer is om dit in te win nie.

Die munisipaliteit het gesê die stadsraad het besluit om 'n streng proses te volg om alle uitgawes te besnoei en te verseker dat slegs noodsaaklike uitgawes aangegaan word.

Die raad het verlede week sy aansuiweringsbegroting vir die 2020-'21-boekjaar op 'n spesiale raadsvergadering goedgekeur.

Die 2020-'21-halfjaar-aansuiweringsbegroting se bedryfsuitgawes beloop R638,1 miljoen, die bedryfsinkomste R594,9 miljoen en kapitaaluitgawes R132,3 miljoen.

Die totale inkomste het gedaal met 3,97% (of R28,7 miljoen van die tweede en derde aansuiweringsbe-

groting), hoofsaaklik as gevolg van aanpassings wat gemaak is weens sekere kragtariewe wat nie deur die energiereguleerder, Nersa, goedgekeur is nie, tesame met minder elektrisiteit wat gebruik is en die verminderde inkomste van waterrekenings, wat aan die droogte toegeskryf word.


Die negatiewe impak op die plaaslike ekonomie weens die pandemie en inperking word ook beskou as 'n rede vir die daling in inkomste.



Besoekergetalle aan die Kango-grotte het skerp afgeneem weens die pandemie. Foto: ARGIEF

Ontsnapte krokodille steeds soek

'n Onbekende aantal krokodille is steeds op vrye voet nadat hulle vanuit 'n krokodilplaas ontsnap het. Die soektog na die krokodille word in 'n gebied 5 km stroomop en stroomaf van Bonnievale gedoen. 27 van die krokodille is weer gevang, maar mense word gewaarsku om die Breërivier te vermy totdat daar bevestig is dat die krokodille nie meer 'n gevaar inhou nie.



Breërivier dopgehou vir nog krokodille

Inwoners van Bonnievale wie se plase aan die Breërivier grens, is “senuweeagtig” nadat 'n onbekende aantal krokodille van 'n teelplaas buite die dorp ontsnap het.

Teen gistermiddag is 27 van die krokodille reeds gevang, het CapeNature in 'n verklaring gesê.

Die krokodille is jonk en hul grootte wissel van 1,2 m tot 1,5 m.

CapeNature, die plaaseienaar, omliggende grondeienaars en die polisie probeer om die krokodille te vang.

Baie inwoners van Bonnievale is glo senuweeagtig omdat hul plase aan die rivier grens. Dit is ook nou parstyd, wat ekstra druk op die plaaseienaars plaas.

Blykbaar is baie van die dorp se inwoners onbewus van die krokodilplaas, hoewel dit glo “al jare” bestaan. Die teelplaas is 'n wettige fasiliteit, sê CapeNature.

Oor of die krokodille gevaarlik is, sê Petro van Rhyen, woordvoerder van CapeNature, dat hulle wilde diere en dus onvoorspelbaar is.

“Hoewel hulle in aanhouding gevoer is, sal hulle beslis nou kos soek. Hulle sal instinktief na 'n rivier of dam

gaan. Ek raai mense af om hulle te nader of in die rivier te swem.”

Volgens CapeNature deursoek hulle 'n gebied 5 km stroomop in die rigting van Robertson en 5 km stroomaf in die rigting van Swellendam. Strikke met aas is uitgesit en patrollies in die riviergebied vind elke aand plaas.

Kapt. Frederick van Wyk, Wes-Kaapse polisiewoordvoerder, sê die eienaar van die krokodilplaas, wat stroomop van Bonnievale is, het Dinsdag omstreeks 07:00 ontdek dat die krokodille ontsnap het. Sowat 25 krokodille is dieselfde oggend gevang. Daar is vasgestel dat van die krokodille in die Breërivier, sowat 300 m van die plaas, is.

Woensdagaand is nog krokodille in 'n dam sowat 1 km van die plaas gevang. Daar is nog twee krokodille in die dam. Hulle word dopgehou en sal ook gevang word.

Skole in die Bonnievale-gebied is gekontak en skoolhoofde is oor bykomende veiligheidsmaatreëls vir leerlinge ingelig.

Inwoners wat krokodille gevaarlik is, moet die polisie in Bonnievale by 023 616 8060 bel.

– Jackie Kruger

Heerengracht 40, Kaapstad
105de jaargang




GHOEIE HOOP ONDERDELE

Dié Nr 1-winkel vir voertuigonderdele, gereedskap en allerhande skaars items.

35 JAAR
1986-2021

Taurusstraat 10, Brackenfell • Tel (021) 981 4501
www.gho.co.za • info@gho.co.za



KRUGERRANDE
GOUD en SILWER - Jou veilige hawe!

Skakel ons vir meer inligting.

044 877 0339 (GRJ)
011 486 1196 (JHB)

